LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 18/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Bang vir God?

In Psalm 139:7 vra die skrywer: " Waarheen sou ek kon gaan om die Gees te ontwyk? Of waarheen sou ek kon uitwyk om u teenwoordigheid te ontvlug?" Ons vier hierdie week Hemelvaart. Saam met Jesus se Hemelvaart kom die grootste geskenk wat ons van God ontvang het, naamlik die Heilige Gees. Dit is dus vir ons onmoontlik om God te ontvlug, Hy is alomteenwoordig. Dit beteken nie, as ons Hom nie erken dat hy nie daar is nie. Indien ek sou besluit om nie my hare te sny nie, beteken dit nie haarkappers bestaan nie. Is ons nie soms bang vir die teenwoordigheid van God nie? Bang, want gaan God miskien my onvolmaaktheid raak sien? Ons moet egter besef, Christus het klaar aan die kruis gesterf vir my onvolmaaktheid ook, ek het niks meer te vrees nie. Waar die Gees beweeg is dit anders, die vrede is onbeskryflik. My gebed vir elkeen van ons gemeenskap is dat ons God se teenwoordigheid sal ervaar sonder vrees, dat ons die vrymoedigheid sal hê om Sy genade troon te nader en die vrede sal ervaar wat alle verstand te bowe gaan.

## Goegieland

Graag deel ons belangrike inligting vir die komende week.

Die Skakel! **Soete Drome**

**Inligting Oupa- en Oumadag 2025**

- Wanneer: Vrydag, 6 Junie 2025
- Waar: Laerskool Goedehoop kleuterskoolterrein
- Tyd: 09:00 - 11:00
- Bedrag: Gratis, bring asseblief eie piekniekmandjie en eie kampstoel.
- Foto's: Daar sal 'n fotograaf en 'n foto-hoekie beskikbaar wees op die dag.
- Fondsinsameling: Kleuters het spesiale kunswerke gemaak wat te koop sal wees teen R20 elk. Bring asseblief kontant saam. Hierdie dien as fondsinsameling vir verbeterings aan buitespelapparaat.
- Oupa's en Ouma's vergesel kleuters self skool toe vanaf 08:45.
- Kleuters wat nie ouma's of oupa's het nie is welkom om die dag tuis te bly.

**Konsert: Soete Drome 2025**

Daar is nog 'n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar vir ons Konsert "Soete Drome" . Volg gerus die skakel om u kaartjies te koop.

Inligting rakende die dag van die konsert:

- Maats kom reeds 16:00 by Kruik gemeente bymekaar.
- Kleuters moet asseblief reeds geëet het.
- Maats arriveer met konsertklere reeds aan (Hou gerus u klas se WhatsApp- groep dop vir inligting rakende grimering, hare ens.)
- Graad 0-maats kom in die boonste lokaal bymekaar, reg oorkant die teater.
- Graad 00-maats kom in die eerste lokaal onder, voor by die trappe bymekaar.
- Graad 000-maats kom in die agterste lokaal onder die trap bymekaar.

Ons sien baie daarna uit om u by beide hierdie geleenthede te ontvang.

Groete uit Goegieland.

## Dankbaarheid

Net soos 'n blommetjie wat eers 'n saadjie was en deur water en aandag te gee opkom, so het ons elkeen ook 'n plekkie in die son. Jou beurt kom ook - net geduldig wees!




## Week se Program

### 3 Junie 2025

- Rugby Uitspele Kwartfinaal

### 4 Junie 2025

- Bloedbank in die Skoolsaal vanaf 12:00 tot 18:00

### 5 Junie 2025

- Goegieland Gr. 0 Visuele Sifting

### 6 Junie 2025

- Goegieland Oupa- & Oumadag
- Goegieland Konsert

### 7 Junie 2025

- Netbal o/11 Challenger Cup

# Revue 2025 – Gr. 1 tot 7

Die Skakel!

AFRIKAANS met 'n SKOP

Afrikaans met 'n Skop. Indien u kind aan die revue wil deelneem, vra ons asseblief dat u die onderstaande skakel sal voltooi voor of op 30 Mei 2025. Ons sien vreeslik daarna uit om die 100ste verjaarsdag van Afrikaans te vier. Al die inligting word volledig beskryf in die Google-vorm.

# Redenaars

Dit is met groot opwinding dat ons vir Waldt van Niekerk en Kaitlyn Shackleford geluk wens met hul uitstekende prestasies tydens die ATKV Redenaars Mpumalanga Semi-finaal wat plaasgevind het op 16 Mei 2025 te HTS Witbank. Kaitlyn het `n tweede plek behaal in die Graad 4 - 5 Afrikaans Addisionele Taalafdeling. Waldt het `n eerste plek behaal in die Graad 6 - 7 Afrikaans Huistaalafdeling en hy is dus oppad om ons skool te gaan verteenwoordig by die ATKV Nasionale Finaal uitdunne in Augustus 2025 te Goudini Spa. Ons wens hom alle sterkte toe.








# Landloop ASA

Baie geluk aan ons langasems wat op Saterdag, 24 Mei 2025 te Sasol Klub aan die ASA-byeenkoms deelgeneem het en podiumplekke behaal het.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jana Steyn | - | 1ste | - | o/8D |
| Rori Mokheseng | - | 3de | - | o/8S |
| Marelie Koch | - | 3de | - | o/9D |
| Charlize Labuschagne | - | 1ste | - | o/10D |
| Marno Campher | - | 2de | - | o/10S |
| Hayley Louw | - | 2de | - | o/11D |
| Chloe Kleb | - | 2de | - | o/12D |
| Hailey Herbst | - | 3de | - | o/12D |
| Milan Zwarts | - | 2de | - | o/13D |




























| 2 Jun | 3 Jun | 4 Jun | 5 Jun | 6 Jun | 7 Jun | 8 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Riley Black | Alex Coles<br>Breyten du Preez<br>Jané Kasselman<br>Shaluney Glen<br>Marelie Koch<br>Jason vd Linde<br>Willem Meiring | | Tyler Hartzenberg<br>Yulia Doubell | Heinrich Myburg | Lara Liebenberg<br>Ethan Smit<br>Shamonique Swart<br>Mienke Grobler | Larain v Zyl<br>Annamarie Roux<br>Danika v Staden<br>Hunter Byleveld |

# Dans

Laerskool Goedehoop se dansers het op Vrydag, 23 Mei 2025 kragte gemeet teen Laerskool Oranjegloed. Uit die 19 afdelings het Goedehoop 12 eerste plekke gehad, en 16 afdelings in die top 3. Die uitslae is as volg:

**PERFORMING ARTS**

o/7 Level 1
Chanel Minnie - 1ste
Adelein Pretorius - 2de

o/9 Level 1
Handré Carstens - 2de
Elizka Smit - 3de

o/9 Level Seuns
Handré Carstens - 1ste
Aiden Steyn - 2de
Nicholas Weideman - 3de

o/13 Level 1
Leané Luddick - 1ste
Hailey Herbst - 3de

o/11 Level 2 - 5
Melandie Faber - 1ste
Janeke du Plessis - 3de

o/13 Level 2 - 5
Larochelle Schäde - 1ste
Mikayla Smit - 2de
Milan Zwarts - 3de

**STREET HIP HOP**

o/7 Level 1
Charlotte Wasserman - 1ste
Duané Berry - 2de

o/9 Level 1 Seuns
Handré Carstens - 1ste
Aiden Steyn - 2de
Nicholas Weideman - 3de

o/13 Level 1
Hailey Herbst - 2de

o/10 tot o/13 Level 1 - 3 Seuns
Waldt van Niekerk - 1ste
JR J v Vuuren - 2de

o/11 Level 2 - 5
Melandie Faber - 2de

o/13 Level 2 - 5
Larochelle Schäde - 1ste
Mikayla Smit - 3de

**BALLROOM**

o/11 Volgers
Melandie Faber - 1ste
Janeke du Plessis - 2de

o/11 Leiers
Llené v Jaarsveld - 2de
Kaitlyn Shackleford - 3de

o/13 Volgers
Mikayla Smit - 1ste
Lianné Huisamen - 2de

o/13 Leiers
Waldt v Niekerk - 1ste
Larochelle Schäde - 2de
Hailey Herbst - 3de




























# Landloop Interprovinsiale Span

Baie geluk aan die volgende langasems wat opgeneem is in die Interprovinsiale Span, hulle neem deel op Saterdag, 14 Junie 2025 te Rustenburg.

Rori Mokheseng
Arlu Greeff
Jana Steyn
Mianique van Zyl
Marelie Koch
Mia-né Smit
Marno Campher
Reinhardt Reyneke
Charlize Labuschagne
Lucan Lessing
Hayley Louw
CJ Meyer
Chloé Kleb
Hailey Herbst
Milan Zwarts
Marlie Venter
Willie-Uys J v Rensburg





































# Netbal Gert Sibande A-Kampioenskappe

Ons is baie trots op ons A-netbalspanne wat op Saterdag, 24 Mei 2025 te Hoërskool Ligbron in Ermelo aan die Gert Sibande A-Kampioenskappe deelgeneem het en hul uitstekend van hul taak gekwyt het! Die o/11A's eindig 1ste in Gert Sibande, o/12A eindig 2de en die o/13A's eindig 3de.

**<u>Netbal o11/A Gert Sibande A-Kampioenskappe</u>**
Voor: Zani Venter, Renesmé Becker, Linay Hartzer
Agter: Me. Michelle Parkes, Lumé Storm, Telishia Muller, Estelle Symington, Manny Neto, Emma du Plessis, Me. Lezaan van der Walt

**<u>Foto: Netbal o/12A Gert Sibande B-Kampioenskappe</u>**
Voor: Monique du Plessis, Mieke Bam
Agter: Jané Kasselman, Cayleigh Cooper, Me. Kristelle Hattingh, Mieke Erasmus, Mia van Eeden, Mikayla Smit

**<u>Foto: Netbal o/13A Gert Sibande B-Kampioenskappe</u>**
Voor: Kaylie Serfontein, Gabby Japhta, Alissa J v Rensburg
Agter: Lianke Luwes, Mienke Visser, Nicole Potgieter, Me. Inge Jacobs, Izanie Ferguson, Kaley Knoetze







## Netbal Gert Sibande B-Kampioenskappe

Sterkte aan ons o/11B- tot o/13B-netbalspanne wat deelneem aan die Gert Sibande B-Kampioenskappe op Saterdag, 31 Mei 2025 te Ligbron Akademie. Sterkte ook aan die o/10A- en B-spanne wat Woensdag, 4 Junie 2025 aan die Gert Sibande Kampioenskappe te Laerskool Goedehoop deelneem.




## Bergfiets

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Marc Fourie, een van Suid-Afrika se mees ervare vaardigheids-bergfiets-afrigters, hierdie jaar 'n dag by ons gaan kom spandeer om ons maats te help! Hy is puik met wat hy doen en werk al jare met van ons land se beste ryers. Om te verseker dat elke kind die regte vlak van afrigting kry, is daar vier onderskeie groepe waarin u kind kan inskryf. Meer inligting hieroor, asook die inskrywingsvorm is beskikbaar in die skakels hieronder.

Datum: 7 Junie 2025 - Bespreek vroegtydig!
Plek: Laerskool Goedehoop
Koste/ryer: R400/ryer

Yskoue koeldranke en 'n heerlike worsbroodjie is ingesluit. Ons sien daarna uit om saam 'n fantastiese dag op die baan deur te bring!

**Die Skakels!** Bergfiets WhatsApp | MTB Skills Clinic

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

